

Skriflesing: Openbaring 10: 1- 11

Teks: **Openbaring 10: 1-3,10**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:9**

TYDENS EREDIENS- Ps. 97:1,2; Ps. 119:17; Ps. 3:2; Ps. 68: 1, 2

Openbaring 10: 1- 11

Rev 10:1 Toe het ek 'n ander engel, 'n sterke, uit die hemel uit sien afkom. Hy het 'n wolk om hom gehad en 'n reënboog bokant sy kop. Sy gesig was soos die son en sy bene soos vuurpilare.

Rev 10:2 In sy hand het hy 'n oop boekie gehad. Hy het toe met sy regtervoet op die see en met sy linkervoet op die land gaan staan

Rev 10:3 en met 'n harde stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul. Toe hy uitroep, het sewe donderslae geantwoord.

Rev 10:4 En toe die sewe donderslae praat, wou ek dit opskrywe, maar ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: "Hou geheim wat die sewe donderslae gesê het; moet dit nie opskrywe nie."

Rev 10:5 Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die hemel toe opgelig

Rev 10:6 en 'n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel en wat daarin is, die land en wat daarop is, die see en wat daarin is, geskep het. Hy het met 'n eed bevestig: "Daar is geen tyd meer oor nie.

Rev 10:7 Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy die blye tyding aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het."

Rev 10:8 Die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het toe weer met my gepraat en vir my gesê: "Gaan kry die oop boek daar in die hand van die engel wat op die see en die land staan."

Rev 10:9 Ek het na die engel toe gegaan en vir hom gevra om die boekie vir my te gee. Hy sê toe vir my: "Neem dit en eet dit op. Dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit so soet soos heuning wees."

Rev 10:10 Ek het toe die boekie uit die hand van die engel gevat en dit opgeëet. In my mond was dit so soet soos heuning, maar toe ek dit insluk, het my maag bitter geword.

Rev 10:11 Toe het hulle vir my gesê: "Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings verkondig."

Skriflesing: Openbaring 10: 1- 11

Teks: **Openbaring 10: 1-3, 10**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 68:9**

TYDENS EREDIENS- Ps. 97:1,2; Ps. 119:17; Ps. 3:2; Ps. 68: 1, 2

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, u besef dat so baie mense in hierdie wêreld gedurig met 'n waanbeeld besig is van wat hierdie wêreld is en wie onself is. Baie mense is van mening en dit word polities hoog opgegee dat ons in staat is om van hierdie wêreld 'n baie beter plek te maak. Iets van 'n utopia waar vrede en liefde, harmonie en eensgesindheid eendag die oorheersende mag wees. Ja die een wêreldorde en wêreldstaat wat so baie dink wel haalbaar is, word al meer hoog opgegee.

Dis natuurlik 'n ewolusionistiese gedagte want die mense wat die ewolusie leer aanhang is oortuig dat soos diere dan nou so die een uit die ander ontwikkel het totdat daar in miljoene jare se tyd tot by die ontwikkeling van nog 'n soogdier kon kom wat hulle dan *homo sapiens*, nl. die mens noem. So wil hierdie mense ook die wêreldgang hulleself voorstel. Alles is healtyd net aan die ontwikkel en word daar geglo polities sal dinge ook nog so kan ontwikkel dat die

wêreldstaat tot 'n volmaaktheid sal kom van net mooi dinge wat die lewe werklik mooi kan maak; vrede, liefde, harmonie, totale eensgesindheid.

Hierdie wêreldbeeld is heeltemal in kontras met wat ons vandag gelees het. Die situasie rondom die sesde trompet en die werklikheid van oorloë en dit wat nog wag, voorspel geen utopia op hierdie aarde van vandag nie. Openbaring 9 het ook duidelik gemaak al breek die verskriklike van oorloë uit dit nie noodwendig 'n grootskaalse bekering gaan teweegbring nie. God bevestig dat mense wat deur hierdie eerste dinge gegaan het, hulle nie bekeer het nie. Hoofstuk 9 eindig met mense wat hulle nie wil bekeer nie.

Hoofstuk 10 is baie duidelik ook met die dinge van die eindtyd besig. Die tyd tussen Christus se hemelvaart en dié dag wanneer Hy weer finaal gaan kom. Hier is vir die gewone oog en oor ook weer vreemde dinge geskryf maar die betekenis daaragter mag nie vir ons vreemd bly nie. Hoofstuk 10 en 11 is weer iets van 'n tussentyd wat alles moet gebeur voor die laaste, die sewende trompet geblaas sal kan word. Dadelik besef ons hierdie tussentyd is niks anders nie as genadetyd. U sal onthou tussen die breek van die sesde en sewende seël was daar ook sprake van 'n tussen-periode. Iets wat Johannes vertolk het van 'n half-uur stilte in die hemel voordat die laaste van sewe seëls gebreek kan word. Nou weer het ons vandag 'n tussen-periode tussen die blaas van die voorlaaste en die laaste trompet.

Ons kan ook praat van 'n tussenspel tussen die sesde en die laaste trompet. Wat gebeur in hierdie tussen-periode?! Daar is baie genade ter sprake dat ons maar nog op hierdie aarde kan aangaan soos wat ons aangaan. Tegelyk besef ons die Here is ook heelyd besig met groot en drastiese verstellings in sy Kerk. Dis alleen die Here wat hierdie verstellings kan maak voor die dag sal kom wat Hy finaal sy bruid sal kom haal. Ons het verlede Sondag al die opdrag gehoor dat die engele by die Eufraatrivier maar losgemaak kan word. Dit is tekenend van die grens tussen kerk en wêreld wat al meer sal vervaag. Die wêreld sal die kerk al meer en dieper indring dat om eintlik van 'n wêreldse kerk te praat nader aan die waarheid sal wees as om in die laaste dae nog werklik christelike kerke in hierdie wêreld te vind.

Vir die ware Kerk, die kerk wat nog aan Christus behoort bly daar egter in elke hoofstuk van Openbaring onuitspreeklike troos en bemoediging oor. Dinge wat ons aan moet vashou soos wat al die ander dinge van Openbaring ook al méér en méér sal gebeur. Van die dinge is om vandag te kon hoor van die twee getuies maar ook van die klein boekie. As Openbaring 10 begin met die engel wat van die hemel afgekom het dan is daar dadelik troos ter sprake. Die engel se bene lyk soos pilare van vuur, groot en sterk, dat hy met sy linkervoet op land en sy ander voet in die see kon staan. Dadelik besef ons dit wys tog op heerskappy. Iemand regeer wel! Hy kan interkontinentaal optree. Hy kan as't ware van die een kontinent na die ander oorstap. Sy optrede raak die ganse aarde.

Die boodskap wat die engel bring raak alle mense, dit raak nie net kant en wal nie, maar almal kan luister. Dis nou al 'n derde keer wat Johannes hierdie engel na vore bring. Die eerste keer het hierdie engel na vore gekom by die breek van die sesde seël (Op 6:12). Toe het hy uitgekom om die uitverkorenes van God te verseël. Hy was toe die een wat verlossing aandui. Hy tree profeties met die evangelie van verlossing na vore. Die tweede keer het Johannes hom gesien by die reukofferaltaar met die wierookbak in sy hande (Op 8:3). Hy is priesterlik aan die werk. En nou kom Hy as hierdie engel op see en land. Nou wat Johannes hom sien is sy gesig soos die van die son. Dit wys op sy heiligheid. Hy is Koning, Hy is Regter, Hy sal kan oordeel. Daar is 'n wolk rondom hom wat wys op God wat ook sal oordeel. Dan is daar wel ook 'n reënboog oor sy kop. Hierdie reënboog dra al van die tyd van Noag die betekenis van God se genade en getrouheid. Die boodskap wat die engel bring, sal niks van hierdie dinge uitsluit nie. Altyd moet ons onthou God is heilig, altyd moet ons weet God sal oordeel, maar hoe wonderlik dat ons tegelyk God se genade en God se trou mag bly verkondig.

Dit wat ons nie mag miskyk nie is die oop boekie wat daar in sy hande was. Natuurlik beteken die boekie vir ons geweldig baie maar ons mag eers later daarby kom. Benewens die engel se geweldige groot gestalte, Één wat op land en see staan met bene en voete soos pilare van vuur het Hy gebrul soos Johannes dit gehoor het na die geluid van 'n leeu. Die beeld en dit wat dit beteken is in 'n sekere sin angswekkend. Want na hy gebrul het volg daar sewe donderslae. Dadelik is Johannes gereed om die inhoud van elke donderslag ook neer te skryf. Onmiddellik is daar 'n stem wat hom belet om die besonderhede van hierdie donderslae nie op te skryf nie. Dit

gaan oor dinge wat verborge moet bly. Dinge wat in hierdie wêreld gaan gebeur wat selfs die ware kerk nie mag weet nie. Dinge dalk so angswekkend, onheilspellend, dalk te moeilik dat die ware kerk ook nie met die dinge moeg gemaak moet word nie. Dinge wat dalk te moeilik is om jou dit in te dink. Ja, daar is baie dinge wat ons nie verstaan nie, ons besef dit ook. God weet nog soveel beter! Daarom is voorspellings en allerhande teorieë en mense wat maak asof hulle die wêreld met hulle verstand kan blootlê, so gevaarlik. Hoe word ons tyd geken met gevaarlike voorspellings wat Siener van Rensburg of Johanna Brandt en die al groter omgang wat mense met die Apokriewe boeke maak. Dit word ons tyd ingedra asof hierdie mense-boeke ook goddelike gesag dra. Van Rensburg en Brandt se gesigte mag dalk groot gewees het maar wees maar versigtig met die wyse waarop Japie van Zyl en ander kettere van ons tyd met hierdie gebeure omgaan. Hoe versigtig moet ons ook nie wees nie?

Selfs die groot en magtige engel dra iets van 'n versigtigheid na vore, hoe versigtig moet ons nie wees as ons met Openbaring besig is nie. Ons lees ten minste drie maal van die staanplek van die engel op see en land en met die boekie in sy hande maar hier kom 'n geweldige voorverrigting. Die engel wat moet sweer. Hy moet 'n eed aflê. Ons lees in die 2020 Vertaling dat *die engel 'n eed gesweer (het) by Hom wat vir ewig en ewig lewe, wat die hemel en wat daarin is, en die aarde en wat daarop is, en die see en wat daarin is, geskape het: "Daar is nie meer tyd oor nie. 7 Maar gedurende die dae wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal die misterie van God sy doel bereik, soos wat Hy dit as goeie boodskap aan sy diensknegte, die profete, verkondig het."*

Hierdie eed wat hier afgelê is, is besonder ryk aan inhoud. Met die een hand na bó uitgesteek en 'n besondere boekie in die ander hand sweer hierdie engel dat die tyd van die einde ophande is. As die sewende trompet blaas gaan dit die einde wees. Dan sal daar geen tyd vir bekering meer wees nie. Die genadetyd is dan finaal verby! As ons vers 7 net weer mooi in 1983 vertaling ook na luister- *7 Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy die blye tyding aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het.*" Broeder en suster, dis duidelik ons lewe in die tyd en dit word met 'n eed bevestig dat God het met alles 'n doel. Ook met die dinge wat ons nie kan verstaan nie. Dis genade dat daar by God ook verborge bedoelings met sake is, want weet u hoe verskriklik sou dit

wees as ons alles van alles sou weet. Ons sou geen dag sonder die die verskriklikste van spanning kon ingaan nie. Ons besef hoe goed dit is, dat ek oor my eie toekoms eintlik baie min weet. As ons oor ons eie toekoms alles moes weet sal bekommernis ondraaglik wees, niemand sal voluit vir die Here kan lewe nie. Ons sal heelyd wil planne maak en dinge probeer verander dat die toekoms tog net na ons giere en grille moet verloop.

Genade op genade dat ons nie alles weet nie en dat dit in alle geval nie in ons hande is. Ons weet ook dat ons lewe in die tyd wat die sewende engel gereed staan om op sy trompet te blaas. Ons dag tot dag bestaan is nou nog ingewerk in die blaas van die eerste ses trompette, waar oorloë alreeds was en nog wéér kan wees, natuurrampe, hongersnode, ja dit alles hou steeds verband toe die eerste vier seëls ook gebreek het (Op 6:1-8) en daar 'n rooi, 'n swart en vaal perd oor hierdie wêreld hardloop; hulle hardloop steeds. Die seëls en die trompette dra eintlik dieselfde boodskap.

Ons is op hierdie Sondag van voorbereiding vir die heilige Nagmaal juis met hierdie boodskap, ons is met hierdie boekie besig. Daarmee het ons te doen met wat die engel wat kon sweer ook in sy hand gehou het. Die betekenis is alles behalwe moeilik om te verstaan. Die boekie dui op God se Woord, die Evangelie van Jesus Christus, dit wat geëet moet kan word en dit wat verteer moet kan word. Die engel wat die boekie na Johannes aangee met die opdrag hy moet dit eet. Dis nie die eerste keer dat so iets gebeur nie. Ook die profeet Esegïël het in hoofstuk 2 en 3 toe hy God se Woord moes bring die boekrol van slegte tyding moes opeet. Dit is honderde jare voor hierdie opdrag wat Johannes nou ook ontvang.

Hiermee saam besef ons die boekie wat so in 'n verkleining aangedui word se boodskap kan nie verklein word nie. Ons kan hierdie boek in ons hande hou maar die boodskap wat hier uitgedra word, is alles behalwe dit wat ons in ons hande kan hou en probeer om dit vas te hou. Ons kan nie, jy kan jou vingers om die Bybel klem maar jy kan die krag van God se Woord nie vasklem nie. Mag dit eerder wees dat ek daardeur vasgeklem word as wat ek probeer om dit te probeer vashou en teëhou. En dit wat Johannes se ervaring met hierdie boekie sou wees is presies dit wat die ware Kerk van God ten volle mee sal moet kan identifiseer.

DV volgende Sondag wil ons weer die Nagmaal van die Here vier. Ons wil die Nagmaal eet. Die eet van die boekie by Johannes sal nooit van die eet van die Nagmaal losgemaak kan word nie. As ek Nagmaal vier dan eet ek wel op 'n besondere wyse ook God se Woord. Hy wat die vleesgeworde Woord is, wil in ons lewe so 'n werklikheid wees soos die brood en wyn werklikhede op God se tafel is. Hy wil dat ons so deel van sy liggaam en bloed moet kan word so seker soos die wyn en die brood deel van jou liggaam gaan word. Dan is ek met die werklikheid van Nagmaal besig. Dan word die werklikheid van kerk-wees, ja om deel te wees van Christus se liggaam word 'n dag tot dag ervaring wat die ware kerk dag ná dag beleef.

Hier gebeur soete dinge, dinge wat in ons kerk-wees aangenaam moet wees, maar hoe groter erns ek met die dinge maak waaroor God werklik ernstig is, dan verander dit! Om kerk-wees stroperig in te kleur en te maak asof ons eintlik maar met 'n bootjie na kammaland besig is as ons oor kerk-wees praat, is nie moeilik nie. Om kerk-wees vir mense lekker te maak is nie moeilik nie. Sing lekker, klap hande, raak meegevoer, ja die boodskap van die *social gospel* is lekker op die oor! Dit raal later 'n al hoe groter soetsappige onderneming hoe mense hulleself hulle kerk-wees wil onderneem.

Maar nou, ná ook vandag se eet van die Here se Woord, as jy werklik ernstig is oor die dinge waaroor God ernstig is. Ek hoor God se Woord, ek eet die boekie maar my eie gedagtes, my eie voorveronderstellings, my eie redenasies, hoe ek humanisties, graag mens-gesentreerd wil dink en werk, as ek die ware betekenis van God se Woord begin verteer, dan word die Evangelie vir jou bitter. Ek wil nie hoor dat God ook 'n verterende vuur is nie, dat Hy gaan oordeel en steeds besig is om te oordeel. Ek hoor die ses trompette blaas, maar ek luister nie, daar is nie bekering nie.

Dat God met die skerpte van die swaard, in die afbeelding van 'n geopende put of skag, in die rook wat my oë kan brand wat uit die skag opstyg, die tekens van sprinkane en skerpioene en perde, gedrapeer in yster-harnasse wat op volle vaart, ook die kragtigste wapentuig van die laaste oorloë kan afteken nie. Om vir die mens te sê jou utopia van liefde en vrede en volle harmonie, ja die eensgesindheid wat die mens hier op aarde vir hulleself probeer skep gaan jou inhaal, jy

gaan dit nie bereik nie. Hou op om allerhande ander boeke en teorieë te wil aanhang, bly maar net by hierdie een boekie. Een wêreldstaat, een wêreldorde, is sonder Christus nie haalbaar nie.

Die nuwe hemel en die nuwe aarde, met Christus die een en al, die begin en die einde, ja met Hom wat eendag alles en dan in almal sal wees wat op die nuwe aarde sal wees, dan eers is ware liefde, vrede, harmonie en eenheid verwesenlik. Daarom vervloek is hulle wat dit sonder Christus wil probeer bereik! Moet hulle nie in jou huise innooi nie, al noem jy hulle dalk van jou beste vriende. Dis bitter maar dis nodig. As iemand hom/haar teen Christus bly verhard, hy/sy kan mos dan nie jou vriend wees nie. Kerke wat die volle Woord bring, ja in baie opsigte 'n harde woord, soos Openbaring beslis nie sagkens met ons omgaan nie. Ware kerke word kleiner, met die waarheid van baie is geroep, min is uitverkies... dit tref ons hard!

Dit sal vir jou en my nie maklik wees nie, in baie opsigte word dit bitter, bitter hier diep binne ons, waar die dinge verteer moet word. Dis vir my bitter om te besef hoe baie valse kerke ons mee te doen het en hulle groei in getalle, ook in ons tyd wat die evangelie wil versuiker, dit heelyd wil probeer om dit vir mense soet en lekker te maak. Om dit wat sleg is soet te wil maak en dit wat werklik goed is, bitter te wil maak. Dis eintlik die valse kerk se hoofsaak en toets maar die kerke wat daarmee besig is. Om die verkeerde dinge te wil versuiker ... Voorbereiding sê aan jou en my, toets maar jouself in watter mate is ek met die dinge van die valse kerk besig. Die dae is min, ons tyd word verkort, ons hoor dit, ons sien dit, ons sal dit ook nog weer by Nagmaal mag proe. Mag ons dit ook wil bely ongeag die gevolge wat Johannes moes doen dat ons dit ook moet doen ... *Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings verkondig.*"

AMEN